

**2 Oktober**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Efesiërs 1**

### **Loof God vir sy seëninge**

Het jy al 'n brief aan iemand begin deur God vir sy seëninge te loof? Dit is hoe Paulus hierdie omsendbrief wat eerste aan die gemeente in Efese gestuur is, begin. Loof God vir sy seëninge! En dan herhaal hy dit nog drie keer in die eerste verse: “Daarom moet ons God loof en prys ...” (vs 6, 12, 14).

Elke keer as Paulus die seëninge van eers die Vader, dan die Seun en dan die Heilige Gees genoem het, loof en prys hy God. Die hele eerste hoofstuk is 'n gebed met lofprijsing (1:3-14), smeking (1:17-19) en 'n belydenis (1:19b-23).

Die gebed is dat God deur sy Gees hulle sal help om te verstaan watter hoop ons roeping uit die geestelike dood na die nuwe lewe inhou. Hoe ryk is ons erfenis van die ewige lewe nie, en hoe groot is God se krag wat in ons werk – dieselfde krag waarmee Hy Christus uit die dood opgewek het.

Die gebed eindig met 'n belydenis oor Christus se mag as Hoof van die kerk en dat die kerk sy liggaam en sy volheid is. Die klem in hierdie eerste hoofstuk val egter op die lof aan God vir sy seëninge: Prys God die Vader vir sy uitverkiesing en sy besluit om ons sy kinders te maak; prys die Seun dat Hy ons verlos, vergewe, alles onder sy Hoofskap stel en ons sy volk maak; prys die Heilige Gees omdat Hy ons geloof gee, ons verseël as sy eiendom en belowe om ons soveel meer te gee as wat ons alreeds ontvang het.

*Sing: Skrifberyming 24:1, 2, 3, 6, 7*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*